**Opdatering: SARS-dieselkortings**

Agri SA en Graan SA het onlangs met SARS vergader om boere se besware oor die uitbetaling van dieseleise te bespreek. SARS het erken dat hulle bewus is van die sleutelrol wat die landbou in ons ekonomie speel. Die landbousektor het in die tweede kwartaal van 2017 sy produksie met 33,6% opgestoot en sodoende gehelp om die ekonomie uit die resessie te lig.

Die sleutelkwessies wat bespreek is sluit die volgende in:

1. Vertraging in dieselterugbetalings
2. Logboeke
3. Kommunikasie vanaf SARS
4. Ander besware en terugvoer

### 1) Vertraging in dieselterugbetalings

Ons het ons lede se besware oor die vertragings met die uitbetaling van eise aan SARS gekommunikeer. SARS het beklemtoon dat dit belangrik is dat boere alle tersaaklike inligting inhandig. Indien boere vertragings met die uitbetaling van eise ervaar, is dit belangrik dat hulle SARS se inbelsentrum skakel en rekord hou van die verwysingsnommer van die gesprek.

Ingevolge die regulasies, moet die inbelsentrum direk met die belastingbetaler, of ‘n persoon wat gemagtig is om namens die belastingbetaler op te tree, kommunikeer; daarom moet boere regstreeks met SARS of via ‘n derde persoon wat daartoe gemagtig is kommunikeer.

### 2) Logboeke

SARS het aanbevelings aan die Nasionale Tesourie gemaak oor ‘n spesifieke logboek. SARS wag vir terugvoering van die Tesourie in hierdie verband. Logboeke wat onduidelike is of min detail bevat asook die gebrek aan stawende dokumente kan aanleiding gee tot vertragings in die verwerking van eise. Byvoorbeeld, versuim om die doel waarvoor diesel gebruik word te vermeld sal lei tot vertragings.

Boere word aangemoedig om duidelike en gedetailleerde rekords by te hou, insluitend stawende dokumente. Ons gee die volgende wenke vir hierdie doel:

- Die eis vir terugbetaling moet gebaseer word op verbruik en nie aankope nie.

- Hou gedetailleerde rekords van diesel wat op die plaas gebruik word (vanaf hoof verspreidingspunte):

  - ✓ Datum waarop diesel uitgereik/verskaf is;
  - ✓ Hoeveelheid diesel uitgereik/verskaf;
  - ✓ Beskrywing van voertuig;
  - ✓ Doel waarvoor die diesel gebruik word;
  - ✓ Nota: Ervaring met oudits het gewys dat SARS ook mag vra dat 'n produsent aandui waar op die plaas die aktiwiteit plaasvind.

Let asseblief daarop dat die finale logboek nog vanaf SARS afgewag word; daarom mag die bogenoemde inligting verander. Vir meer inligting oor die bestuur van die dieselterugbetaling, verwys na (Skedule 6 deel 3): http://www.sars.gov.za/AllDocs/LegalDoclib/SCEA1964/LAPD-LPrim-Tariff-2012-19%20-%20Schedule%20No%206.pdf

Dit is ook belangrik dat produsente let op die aktiwiteite wat kwalifiseer vir die korting (Skedule 6 deel 3).

**3) Kommunikasie**

Ons het ons kommer uitgespreek oor die feit dat daar nie 'n afsonderlike kanaal bestaan vir duidelike kommunikasie oor dieselterugbetalings nie. SARS het daarvan kennis geneem. Vertragings met die uitreiking van kennisgewings van oudits wat gaan plaasvind word daaraan toegeskryf dat dit per hand gedoen word. SARS is hard besig om die proses na 'n webgebaseerde outomatiese stelsel te omskep, maar dit is nog nie inwerking nie.

**4) Ander besware en terugvoer**

Benewens bogenoemde, het ons ook die volgende uitgelig:

- Die uitbetaling van eise word blykbaar doelbewus vertraag; en
- Daar is gerugte dat SARS konsultante in diens het wat kommissie verdien vir die vertraging van eise.

SARS se antwoord hierop was dat hulle nie doelbewus enige uitbetalings vertraag nie en is van mening dat indienings met onvoldoende of onvolledige inligting die proses vertraag en kan ook sisteem foute veroorsaak. Die uitbetaling van eise is gekoppel aan ander departemente binne SARS, byvoorbeeld BTW en debiteure. Belastingbetalers moet hul vergewis van hul netto posisie in terme van dieselterugbetalings en BTW aangesien dit die verwerking van eise beïnvloed.

SARS het ook beklemtoon dat dieselterugbetalings "voorwaardelik/voorlopig" is in die sin dat SARS die terugbetaling ongedaan kan maak tot tyd en wyl 'n eis geoudit is. SARS het gerugte ontken dat konsultante kommissie verdien vir die vertraging van terugbetalings. Ouditeure mag nie sodanige kommissie verdien nie.

SARS stel voor dat boere hul vergewis van verskaffers wat diesel vermeng met ander brandstowwe (byvoorbeeld paraffien). Dit is 'n kriminele oortreding om in besit te wees van sodanige vermengde brandstof. Slegs betroubare verskaffers moet gebruik word en dieselaflewerings moet geïnspekteer word om te verseker dat dit nie vermeng is nie.

SARS neem kennis van die besware en ons vertrou dat die proses sal verbeter. SARS het ons verseker dat indien 'n saak nie opgelos kan word, nadat al die regte kanale gevolg is nie, kan die saak verder geneem word en lede is welkom om Agri SA te kontak in die verband.

**Navrae**

Mnr Hamlet Hlomendlini, Hoofekonoom, Agri SA, 012-643 3400 of 082 957 9064
Dr Requier Wait, Hoof: Handel en Ekonomie, Agri SA, 012-643 3400 of 073 3040 932